# Sederberg - Jamaka 2021

| ROETE: | Wolfberg, Wolfberg-boog en Rooiberg | DATUM: | 19-22 Maart 2021 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

13 van ons het die Vrydagaand tent opgeslaan en heerlik gebraai. Saterdagoggend het ons net na 7:30 die Wolfberg roete op die plaas Jamaka gestap. Dit was n stewige 18,08 km en ons was redelik moeg  - die hitte het dinge ook nie maklik gemaak nie. Die aand is daar weer heerlik gebraai en meeste stappers was vroeg in hul tentjies. Werner en Brenda het laagmiddag die permitte by Driehoek gaan kry om tyd te bespaar die volgende oggend. Saterdagoggend het ons het nét na 7 met 2 voertuie vertrek.  Ons het vanaf Driehoek na die Rif gestap, Gabrielspas op en daarvandaan na die Boog (13.94 km). Hierdie roete bied pragtige uitsigte oor die vallei met Sneeuberg in die agtergrond. Dit was weer eens heerlik warm. Die aand het ons 'n "dra ietsie rooi" braai en wynproe gehad. Werner Booysens het ons vermaak met lekker 3 wit en 3 rooiwyn proeë. Daar is weer gebraai en teen 9 was meeste stappers in hul tentjies. Sondag oggend maak ons reg om 8:00 te stap. Ons stap weer op die plaas, die keer die Rooiberg roete van 7.48km. Dit is weer eens WARM en ons neem 'n lekker ruskans by die "half moon shaped cave with Bushman paintings" Die uitsigte is asemrowend. Ons stap verby die selfoontoring en rus heerlik in die koelte. Na die ruskans is dit nie baie ver terug na die kamp. Almal kry warm! Van die stappers koel af in die poele, party het gaan swem en party pak op! Wat n heerlike naweek in die Sederberge. Ons moet noem dat Matilda le Roux per ongeluk haar badmatjie ingepak het ipv haar handdoek. Ons is huis toe met 40km agter die blad (of onder die voete) - wat 'n lekker stapgroep! Dankie aan Brenda en Werner vir die reelings.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 2021058 | R 15 | 40 | |
| Werner Booyens | 2021057 | R 15 | 40 | |
| Belinda Burdett | 2021021 | R 15 | 40 | |
| Tim Burdett | 2021020 | R 15 | 40 | |
| Estelle Zietsman | 2021032 | R 15 | 40 | |
| Rene Schoeman-Hodgson | 2021020 | R 15 | 40 | |
| Miranda Myburgh | 2021068 | R 15 | 40 | |
| Elza Geldenhuys | 2021086 | R 15 | 40 | |
| Mathilda Le Roux | 2021031 | R 15 | 40 | |
| Werner Dalziel | 2021024 | R 15 | 40 | |
| Amanda Matthee | 2021040 | R 15 | 40 | |
| Elana Swart | 2021023 | R 15 | 40 | |
| Adellethea Dyssel | 2021016 | R 15 | 40 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 195** | **520** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | nvt |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Brenda Sideratos |
|---|---|